Norienes Kleuterskool

Inligtingstuk

Babas en Peuters

Speel, leer en groei saam na ‘n blink toekoms!

Werk en Wen

Dit is ons skool so mooi

Waarheen ons al die Norienes-maats nooi,

Waar jy self kan speel, baljaar, lag en werkies doen.

Werk en wen is wat Norienes - maats doen.

Liewe Pappa en Mamma

Lees asseblief hierdie inligtingstuk noukeurig deur aangesien dit belangrike inligting bevat.

Inhoudsopgawe:

1. Inleiding – Verwelkoming
2. Toelatingsbeleid
3. Skoolure
4. Skoolgelde
5. Kwartale
6. Verversings
7. Kleredrag
8. Afwesigheid
9. Siekte tydens skoolure
10. Omsendbriewe en vorms
11. Byters
12. Benodighede

1. Verwelkoming

Geagte Ouers

Baie geluk met u keuse van Norienes Kleuterskool vir u baba / peuter. Hier by ons is dit vir ons van die grootste belang dat u kleinding gelukkig sal wees.

Die feit dat u, u kleinding aan ons personeel toevertrou, is vir ons van groot waarde. Ons verstaan die behoeftes van u kleinding en sal op sy/haar vlak met hom/haar werk en geleidelik deur die daarstelling van geskikte aktiwiteite en leergebeure op ‘n spelende wyse hom/haar trappie vir trappie toerus vir die formele leersituasie en so ook hom/haar instaat stel om aan die kritiese uitkomste van sy/haar leefwêreld te kan voldoen.

Ons skool is so beplan en toegerus dat die buite-en binneterrein mekaar perfek aanvul, sodat elke kleinding optimaal kan meedoen aan speel en leer handelinge om kennis en vaardighede asook die nodige tegnieke te bemeester waaroor hulle moet beskik.

Elke baba / peuter is ‘n kosbare geskenk wat ons van God ontvang het. Daarom sien ons daarna uit om saam met u as ouer te werk aan julle kleinding se perseptuele, kognitiewe, normatiewe en affektiewe ontwikkeling, om sodoende saam met u te kan belê in u kind se toekoms.

Vriendelike groete

Mev. E. Ellis

Kleuterskoolhoof: Pre-primêr

2. Toelatingsbeleid:

Baba / Peuter kan toegelaat word tot Norienes kleuterskool indien hy/sy kwalifiseer in terme van die onderstaande toelatingsbeleid.

1. Baba / Peuter waarvan die moedertaal Afrikaans is, of bereid is om in Afrikaans onderrig te ontvang met Engels as tweede taal en waarvan die Christelike geloof sterk oorkom.
2. Die ouderdom van die baba / peuter is as volg: 3 maande tot 36 maande.
3. Skoolfooie is streng vooruitbetaalbaar vanaf Januarie – November (oor 11 maande).
4. *REGISTRASIE WORD REEDS DESEMBER VOORUITBETAAL VIR DIE VOLGENDE JAAR*
5. Skoolfooie is verpligtend en deur nie betaling, verbeur ‘n baba / peuter sy/haar plek.
6. Een maand skriftelike kennis word vereis indien u baba / peuter die skool gaan verlaat.
7. Dissipline: Ouers is medeverantwoordelik vir baba / peuter se opvoeding en dissipline.

3. Skoolure:

Babas / peuters word persoonlik ontvang vanaf 06:30 tot 08:00. Neem asseblief kennis dat die program gedurende die somer om 08:00 en in die winter om 08:00 begin. **Vertrektye vir halfdag is vanaf 12:30 tot 13:30 en Vrydae nie later as 13:00. Halfdagbabas / peuters wat later as 13:30 afgehaal word, is onderhewig aan ‘n boete van R20.00 vir elke halfuur daarna. Die boete moet asseblief aan die diensdoendende fasiliteerder oorhandig word. Voldagbabas / peuters kan tot en met 18:00 afgehaal word.** Babas / peuter moet asseblief ook nie deur laerskoolboeties / sussies afgehaal word nie. Ouers word vriendelik versoek om nie laat te kom nie, aangesien dit ‘n baba / peuter ontstel indien hy / sy agterbly en die personeel nog ander verpligtinge het.

4. Kwartale

Norienes sal gedurende die amptelike skoolkwartale oop wees met die uitsondering van openbare vakansiedae. Gedurende skoolvakansies sal die skool as vakansie-skool funksioneer. Die skool sluit vir die Desembervakansie saam met die Departementele skole en open weer in Januarie saam met die Departementele skole. Dit is om noodsaaklike instandhouding en opknapping aan die skool te doen wat nie gedurende die jaar gedoen kan word as die babas / peuters die skool bywoon nie. Indien ‘n baba / peuter die skool gaan verlaat, moet u **EEN** kalendermaand kennis gee – en wel skriftelik. **NOVEMBER EN DESEMBER WORD NIE AS ‘N KENNISMAAND ERKEN NIE**

LET WEL: Junie/Julie vakansie sal die Kleuterskool vir voldag om 17:30 nm sluit en nie om 18:00 nie

5. Skoolgelde

Die skoolgelde betaalbaar is as volg:
'n Registrasiefooi van R1730 is betaalbaar wanneer u, u baba / peuter inskryf. Skoolgelde is vooruitbetaalbaar met ander woorde, Januarie as die skool begin, betaal u vir Januarie. Skoolgelde is **VOORUITbetaalbaar** van Januarie tot November voor/op die 7de van elke maand. (Desember betaal u registrasie vir die volgende jaar)

Die tariewe is as volg: Voldag 06:30 – 18:00 R2990 x 11 maande skoolfonds + R1900: R2990

Halfdag 6:30 – 12:30 stiptelik R1900 x 11 maande. Ons naskool ure begin stiptelik om 13:00.

Bankbesonderhede: Solid Basics Development, ABSA Tjekrekening,Rek no 409 069 1449, Tak kode 632005 –

NB!! GEBRUIK REKENING NOMMER AS VERWYSING ASB.

Neem asseblief kennis dat die skool sluit vir skoolvakansies maar 'n vakansieprogram word aangebied tydens elke skoolvakansie, behalwe Desember-maande.

6. Verversings

Peuters nuttig ontbyt by die huis. Slegs yogurt, deur uself voorsien kan gegee word vir ontbyt vir peuter. Slegs voldag peuters vanaf 1 jaar ontvang middagete. **Indien u kind allergies is moet die nodige voedsel deur die ouer verskaf word**. Babas / peuters wat nog bottels drink, moet asseblief genoeg voorraad bring. Dit sluit melk en sap in. 'n Yskas is beskikbaar om die duidelik gemerkte bottels in te bewaar. Toebroodjies vir die peuters moet elke dag skool toe gebring word om 09:30 te nuttig. Geen lekkers of koek mag skool toe gebring word nie. Verjaarsdae is baie belangrik vir die leerders en kan partytjies vooraf met die klasonderwyser bespreek word. Ouers is welkom om saam te kom partytjie hou. Ouers moet asseblief klaargemaakte bottels stuur vir die eerste drinktyd. Kosblikke word 2 keer ge-eet om 9:00 en 10:30.

Ouers is verantwoordelik vir alle etes en versnapperinge vanaf 3 maande tot 12 maande.

7. Kleredrag

Babas / Peuters kom skool toe in gemaklike klere. Peuters moet selfhelp-klere aantrek wat hulle maklik kan aan – uittrek , veral met toiletonderrig. Speel, verf en modderkoek bak is deel van die dag se "werk", dus moet die peuter nie bang wees om vuil te word nie. **Merk asseblief u kleinding se klere, skoene, tas en kosblik duidelik.** Skoolhempie is beskikbaar vir die peuters, maar is nie verpligtend nie. U sal meer hieroor tydens die eerste ouerdag hoor. Geen knippies mag in dogtertjies se hare wees nie, aangesien hulle dit maklik kan insluk. **Geen baba of peuter sal met 'n vuil doek ontvang word nie.** Dit is nie vroegoggend altyd moontlik om dadelik 'n doek te ruil nie, aangesien daar baie kere 'n paar babas gelyk ontvang word. Boudjies brand dan baie vinnig.

8. Afwesigheid

Ouers moet asseblief die skool skakel indien u kleinding afwesig sal wees. Babas / peuters met aansteeklike siektes moet asseblief tuis gehou word totdat die siekte opgeklaar het. Ondersoek asseblief u baba / peuter se hare weekliks vir kopluise / nete om ‘n epidemie te help voorkom. Lig asseblief die klasonderwyser in indien u so iets opmerk sodat ons dadelik werk daarvan kan maak. Babas / peuters met luise / nete moet tuis gehou word en mag weer skool toe kom indien hulle vry van bogenoemde is.

9. Siekte tydens skoolure Skool Reëls

* As gevolg van die feit dat ons baie klein babatjies in ons sorg het, wil ons elke ouer versoek om asseblief konsidererend teenoor die personeel en die ander babas/peuters te wees en **NIE** jou siek kind skool toe te stuur nie.

* Die department van gesondheid verbied ons om ENIGE siek kinders op ons perseel te huisves.

* Ouers moet asseblief hul kinders binne ‘n uur vandat die oproep gemaak is, kom afhaal. Ons sal jou nie bel indien dit nie werklik nodig is nie.

* Ons kinders speel buite gedurende die dag soos in ons daaglikse program vervat. As jou kind te siek is om buite te speel, hou hom/haar eerder tuis vir die dag.

* Stel die skool asseblief DADELIK in kennis indien jou kind in aanraking was met enige iemand wat ‘n aansteeklike siekte het, of self ‘n aansteeklike siekte onder lede het. Indien daar meer as een geval by ons aangemeld word sal ouers in kennis gestel word en ‘n lys van simptome sal gestuur word.

* GEEN medikasie sal toegedien word sonder skriftelike toestemming van die ouer/s nie.

* Medikasie moet duidelik gemerk wees met jou kind se naam, hoeveelheid en tyd van toediening. Sit dit in ‘n “ziplock” sakkie en sluit ASSEBLIEF ‘n spuit in.

* Die hoof mag haar eie diskresie gebruik om te besluit of ‘n kind gesond genoeg is om skool by te woon.

Neem asseblief kennis dat as jou kind ENIGE van die volgende simptome het, hul by die huis gehou moet word en NIE by die skool toegelaat sal word nie:

* Op antibiotika. Na 48 uur op antibiotika mag jou kind terugkom skool toe, indien hy/sy GEEN ander simptome (soos hieronder genoem) het nie.

* Indien jou kind op antibiotika is maar NIE aansteeklik is nie VEREIS ons ‘n doktersbrief ter bevestiging.

* Asemhalings probleme of ‘n aanhoudende hoes.

* Verkoue, Griep, Bronchitis of Bronchiolitis
* Kroep (Kroep is ‘n virale infeksie en dus aansteeklik)
* Mangelontsteking (Gewoonlik a.g.v. ‘n virale infeksie, wat wel aansteeklik is).
* Koors bo 38.5°
* Uitslag met gepaartgaande koors
* Diarhee
* Braking
* Ongewone moegheid
* Geen eetlus
* Loopneus wat groen of geel van kleur is (deurskynende loopneusies is toelaatbaar)
* Kopluise
* Ooginfeksie van enige aard
* Aansteeklike siektes bv. Masels,Pampoentjies,Waterpokkies ens.

10. Omsendbriewe en vorms

Dit word in brieweboek (flipfile) gestuur. Lees asseblief alle briewe/nuusbriewe wat aan u gestuur word. Dit is vir ons van groot belang om ingeligte en tevrede ouers en kleuters te hê. Stuur asseblief die brieweboek geteken terug skool toe

Gelde kan elektronies of by ons kantoor betaal word.

11. Byters

‘n Mens kry byters en knypers in elke skool. Dit is ongelukkig iets waaraan niemand, nie eers die ouers iets kan doen nie. Sielkundiges het al gekyk na emosionele probleme, ander na jeukende tandvleise en nog ander na ‘n tekort aan sink en yster. Niemand het egter klinklare bewyse gekry dat bogenoemde die oorsaak van die probleem is nie. Om ‘n byter terug te byt, iets bitter op die tong te sit, los die probleem dalk tydelik op. Ouers moet asseblief besef dat ‘n byt onverwags toegedien word en die onderwysers en assistente nie altyd bedag op so ‘n “aanval” is nie. Die bytplek word dadelik ontsmet en die betrokke “byter” word verwyder sodat daar alleen met hom / haar gepraat kan word. Ons hoop dat u sal verstaan dat dit iets is wat ons na die beste van ons vermoëns probeer voorkom, maar dat dit nie altyd moontlik is nie.

12. Benodighede

Babas (3 – 12 maande)

Kossies wat baba daagliks eet moet asseblief skool toe gestuur word (duidelik gemerk).

1. Bottels : Steriliseer tuis en stuur met korrekte hoeveelheid water skool toe. Alle bottels moet asseblief duidelik gemerk wees.
2. Baba-formule moet afgemeet in ‘n houertjie skool toe gestuur word.
3. Sap/Tee moet reeds voorberei in ‘n bottle/s gestuur word.
4. Doeke : Stuur asseblief ‘n voorraad vir die hele maand skool toe. Merk dit duidelik.
5. Boudjiesalf en enige ander salf wat u baba gebruik, moet gestuur word.
6. Wetwipes : 3 x pakkies per baba. Een pakkie word gebruik vir gesiggies en handjies en die ander pakkie vir die doekrakkie.
7. Medikasie : Indien u medisyne skool toe stuur, moet dit in ‘n toemaakhouer (duidelik gemerk met voorskrif of nota van hoe en wanneer dit toegedien moet word), aan die klasonderwyser oorhandig word.
8. Bababedjies : Een matrassie, laken en duvet word voorsien. Dit staan u vry om u baba se bedjie volgens u smaak te kom inrig sodat hy / sy tuis daarin kan voel.
9. Ekstra stel klere.
10. Genoeg borslappies sodat baba se borsie kan droog bly (+/- 6).
11. Afskrif van baba se immuniseringskaart.
12. Speelding van sy/ haar keuse, let wel vir sy / haar kot
13. 1 x ligte kombersie en 1 x warm kombersie
14. 2 x spoegdoeke daagliks
15. 4x pakke sneesdoekies (tissues)

Peuters (12 – 36 maande)

1. Afskrif van immuniseringskaart
2. Wetwipes : 4 pakkies vir voldag maats en 2 pakkies vir halfdag maats
3. Klein Kombers vir koue dae
4. Doeke : Stuur asseblief ‘n voorraad vir die hele maand skool toe. Merk dit duidelik
5. Ekstra stel klere – een warm en een koud
6. Medikasie : Indien u medisyne skool toe stuur, moet dit in ‘n toemaakhouer (duidelik gemerk met voorskrif of nota van hoe en wanneer dit toegedoen moet word), aan die klasonderwyser oorhandig word.
7. Sneesdoekies x 4 per kwartaal
8. Indien nie meer op bottel word slegs :Sippy Cups”

Voldag Peuters – Matras word voorsien slegs 2x oortreksels: Kan by skool bestel word

5.11 Verdaag

Kleuters word elke dag, by die “speelhok” afgehaal. Kleuters kry die geleentheid om rustig te word. Sommige kleuters is poot-uit en gou-gou in droomland. Naskool peuters rus vanaf 12:30 – 14:30. Moet asseblief nie gedurende hierdie tyd u kind kom afhaal as u nie vooraf reël nie.

5.12 Buitemuurse – aktiwiteite

1. Dans : PDS Dance Stars: Slegs vanaf 3 jaar
2. Gimnastiek : Impala Gimnastiekklub: Babas en ouer

Hierdie aktiwiteite is nie by die skoolgelde ingesluit nie, demonstrasielesse en inligting word in Januarie aangebied. Hierdie aktiwiteite word ook bekend gestel aan u as ouers tydens ons **verpligte inligtingsaand in Januarie**.